

25 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 105:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 105:8**

### **God hou sy verbond altyd in stand**

Die oproep tot lof in dié Psalm is gegrond op dit wat God in die geskiedenis gedoen het. Verse 1-11 handel oor sy verbond en beloftes aan Abraham en dat God dit altyd in stand gehou het. Vers 12-15 oor die land waarheen hulle sou gaan en gegaan het. *En hierdie verbondstrou en hou van elke belofte is gedoen ondanks die ontrou van die volk keer op keer* (vgl. Ps. 106).

Dit is die wonderlike van God se liefde en genade: Hy onthou sy verbond en beloftes, al sou sy volk, ons as mense dit dikwels vergeet. Hy kan as die God van waarheid eenvoudig nie ontrou wees nie. En ja, met baie gebeure met en rondom sy volk en ons as mense, mag dit soms nie lyk asof God onthou nie. En tog: as ons onbevange na die geskiedenis gaan kyk, sal ons besef: God het nooit sy verbond vergeet nie. Selfs nie toe sy volk in ballingskap weggevoer was nie. *Trouens, sy straf was juis om die volk weer aan sy verbond met hulle te herinner en hulle daarin terug te bring.* Om hulle los te maak van hulle ongehoorsaamheid en weer in die liefdesverhouding met Hom in te trek.

Ons as Nuwe-Testamentiese kerk, of volk van God, weet dat die besondere liefdesverbond in en deur die werk van Jesus Christus 'n vaste ewigheidsekerheid bied. En dit deur voor- en teëspoed heen. Niks kan ons meer uit sy hand ruk of van sy liefde vir ons skei nie. Al is daar hoeveel pogings deur Satan, die bose geeste in die lug en noem maar op. *Elke kind van God se eie stukkie lewensgeskiedenis is die bewys dat God getrou is en daarom moet Hy gepas geloof word.*

Sy Woord en Heilige Gees herinner altyd: God in sy genade is verbondsgetrou, ondanks hoe ons optree en doen. Eer en erken Hom altyd daarvoor.

Sing: Psalm 105:1, 5 (Totius)

Ds. P Fanoy (Windhoek)